Span spieëls en slim planne in vir ruimte

EARL SEPTEMBER

Die slaapkamer is soms die enigste plek in jou huis waar jy werklik privaat kan wees, maar hoe gemaak as dit 'n piepklein kamertjie is waar jy skaars beweegruimte het. *In en Om die Huis* het by kenners gaan uitvind hoe jy 'n klein slaapkamer groter kan laat voorkom.

Hulle stem almal saam 'n klein slaapkamer kan groter voel en voorkom sonder dat dit jou duisende rande hoef te kos. Jy kan dit op 'n bekostigbare manier doen, met slim dekorwenke.

Me. Alida Lambooy van Living Divani in Kaapstad sê dis belangrik dat die slaapkamer nie te veel meubels moet hê nie. Jy wil die vertrek nie beknop laat voel nie.

"Wanneer jy meubels kies, kies versigtig, maar kyk na meubels wat meer as een doel dien, soos 'n bed wat as rusbank ook gebruik kan word of 'n kassie met 'n glasdeur."

Me. Karla Oettler van Absolute W & E in Kaapstad stem saam en sê jy moet enige onnodige items uit die klein vertrek neem.

"Meubels in die slaapkamer hoef nie noodwendig groot te wees nie. Moenie 'n dubbelbed in die kamer gebruik as daar slegs een persoon gaan slaap nie. Maak ook seker dat daar nie te veel goed in die vertrek of op kaste rondstaan nie," sê Lambooy.

Sy stel voor as jy van genoeg pakplek hou en meer kassies in die kamer wil benodig, maar kopkrap oor die ruimte wat dit gaan opneem, jy kassies op ooghoogte teen die mure moet monteer. "Dit is nie nét 'n oulike dekor-idee nie, maar spaar ook vloerspasie."

Die kenners is dit ook eens dat spieëls 'n goeie dekor-item is, wat gebruik kan word om 'n klein vertrek ruim te laat voel en lyk.

'n Klein kamer hoef nie beknop te lyk nie. Koop slim items soos hierdie funksionele deurskynende stoel om 'n illusie van ruimte te skep. Foto's: LIVING DIVANII

Lambooy noem jy moet gebruik maak van die regte vorm en grootte spieëls om 'n reuse-impak op die grootte van 'n vertrek te maak.

"Daar is tans 'n reeks moderne en funksionele spieëls op die mark. Dit kan as fokuspunt gebruik word en so ook 'n baie elegante atmosfeer skep," sê Oettler .

Lambooy noem dit goed is ook 'n goeie idee om die verste muur in die kamer ligter as die ander mure te verf. "Dit laat die vertrek dieper vertoon en dra by tot die illusie van meer spasie."

'n Bed, bedkassie en kaste is genoeg meubels vir die slaapkamer, voel Oettler. "Jy kan wel 'n kopstuk aan die bopunt van die bed gebruik, maar vermy 'n voetstuk."

Lambooy noem muurbehangsels is ook belangrik, want dit reflekteer kleure en vorms. Afgesien van spieëls, kan ook geraamde foto's en kunswerke gebruik word. "Dit gee kleur en persoonlikheid aan die vertrek en kan baie effektief wees."

Ander belangrike bykomstighede sluit in die verskillende vorms en teksture in die afwerking van materiale van sagte meubels, gordyne, los matjies en beddekens, sê Lambooy.

"Beligting speel ook 'n belangrike rol, veral met 'n klein kamer wat gou donker en beknop lyk. 'n Bedlampie is dus 'n moet."

Oettler noem sy sou ook 'n houer in die kamer verkies vir haar gunsteling-tydskrifte en -leesboeke. Dit is ook sodat alles nie in klein verskillende houers op 'n tafel geplaas word nie.

Die items in die vertrek moet mekaar komplementeer, daarom is die groot geheim volgens die kenners om die regte styl regdeur die vertrek te beklemtoon deur die bykomstighede.

"Moenie die vertrek te besig laat vertoon deur te veel kleur en patroon te gebruik nie. Hou dit eenvoudig," raai Lambooy aan.

Om jou klein kamer ruim te laat lyk, blyk dus eenvoudig te wees, mits jy dit reg doen. Anders lyk dit nie net klein nie, maar voel dit ook soos 'n beknopte ruimte.

Die bedkassie met sy spieëls lyk of dit geen ruimte opneem nie.

Kassies teen die muur skep pakplek sonder om vloerruimte op te neem.

Mandjies en 'n klomp vrolike, bont houers verskaf volop bêreplek

Die kenners het ook raad vir oulike bykomstighede en stoorplek in 'n klein kamer.

Me. Alida Lambooy van Living Divani in Kaapstad noem dat jy mooi muurhake met detail kan opsit om klere, pette en sambrele teen op te hang.

Kleurvolle bokse wat gemerk word vir speelgoed in kinderkamers werk ook goed.

'n Nuwe neiging volgens dié kenner is om 'n bed te kry wat uittrek en weer terug kan vou in die vorm van 'n kas.

Volgens me. Karla Oettler van Absolute W & E in Kaapstad kort 'n kamer ook stylvolle muurdekor, pakplek en houers. Met 'n bietjie kreatiwiteit kan enige klein kamer op sy beste lyk.

"Jy kan mooi mandjies en houers gebruik op muurkassies of selfs onder die bed vir items wat nie elke dag gebruik word nie," stel Oettler voor.

Vir al daardie skoene wat jou soms met jou hande in die hare laat, het sy ook 'n oplossing. Lambooy reken dat 'n ronde staander vir skoene veel minder ruimte opneem as skoenrakkies.

"Die skoene word ook aan hakke opgehang, maar die staander kan baie mooier wees en dalk sommer as 'n bykomstigheid gebruik word in die kamer as die ruimte in die kamer dit toelaat. In die kamer kan jy rondspeel met verskillende vorms en detail. Solank dit vir jou mooi is, sal dit werk."

[ADVERTENSIE-ARTIKEL] CAPE HOMEMAKERS EXPO

Opwindende nuwe projekte word by dié skou ten toon gestel

Wys hierdie lente hoe lief jy jou huis het deur die 16de jaarlikse Cape Homemakers Expo te besoek wat van 1 tot 4 September by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (Kiks) plaasvind.

Die nuutste giere word ten toon gestel en uitstallings wissel van huisverbeteringsprodukte tot innoverende dekor-idees vir die huis en tuin. Die skou bied besoekers 'n wye verskeidenheid produkte en dienste, alles onder een dak, én die geleentheid om te verken, vergelyk en oplossings te vind vir hul spesifieke behoeftes.

Buiten die 300 stalletjies, moet besoekers nie die opwindende uitstallings van Décor & Accessories, die Audiovision-klankemporium, DIY Workshop, D'Vine Life, Future of Design en ClockArt, 'n lekker projek vir alle kunsaanhangers en versamelaars, misloop nie.

Besoekers sal die nuutste modes en ontwerpe in die Décor & Accessories-area vind. Hierdie uitstalling word vir die derde agtereenvolgende jaar aangebied en spesialiseer in kontemporêre dekor en tendense.

Die Audiovision-klankemporium, nou in sy sewende jaar, sal weer die jongste in tuisvermaak, klankverspreiding en digitale beeld-produkte aanbied. Die emporium is gevestig as die 'moenie-dit-misloop-nie' aantreklikheid op die kalender, met splinternuwe produkte en spesiale aanbiedinge wat die ruggraat van die uitstalling vorm.

Moenie hierdie tentoonstelling vanjaar van 1 tot 4 September in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum misloop nie. Foto: VERSKAF

Almal is mal oor doen-dit-self en kom in die versoeking om dit ten minste een keer te probeer - besoek die splinternuwe DIY Workshop wat allerhande nuttige wenke aan besoekers bied. Verskeie kenners op hul gebied sal die bou, aanpas, herstel en oormaak van byna enigiets wat verband hou met huisverbeterings, demonstreer.

Stimuleer jou smaakknoppies by D'Vine Life, met 'n verskeidenheid uitstekende wyne, kase, olywe en ander lekkerbek-eetgoed.

Future of Design, wat vir die sesde agtereenvolgende jaar aangebied word, sal die nuutste in Upcycling ten toon stel, met van Suid-Afrika se top-ontwerpers wat die pas sal aangee. Upcycling is die proses waar afval of nuttelose materiale omskep word in nuwe produkte van 'n beter gehalte of hoër omgewingswaarde. Dit is 'n 'groener' manier om te herwin deur 'n nuwe doel vir ongewenste items te vind.

Nóg 'n baie opwindende projek by vanjaar se Cape Homemakers Expo is ClockArt. Verskeie kunstenaars, insluitend skilders, ontwerpers, pottebakkers en mosaïekkunstenaars is genooi om 'n muurhorlosie te ontwerp. Die horlosies sal uitgestal word, en besoekers word genooi om te bie op hul gunsteling. Die opbrengste word geskenk aan Habitat for Humanity, 'n gemeenskapsontwikkelingsorganisasie wat huise bou vir minderbevoorregtes.

"Een van die grootste voordele van die ekspo is dat dit besoekers die geleentheid bied om uit 'n groot verskeidenheid produkte te kies, en ook met verskeie kenners te gesels," sê me. Sandy Edwards, skoubestuurder: Homemakers Cape. "Hierdie jaar se Cape Homemakers Expo, die oorspronklike leefstylverbruikerstentoonstelling wat die volle spektrum van huisverbeterings en dekorprodukte bied, kan eenvoudig nie misgeloop word nie."

Die Cape Homemakers Expo is deel van Homemakers, 'n nasionale groep wat jaarliks ook drie ander soortgelyke leefstyluitstallings in Johannesburg, Durban en Port Elizabeth aanbied.

Toegang vir volwassenes beloop R55, pensioenarisse betaal R35 en kinders jonger as 12 jaar kry gratis toegang.

Die Cape Homemakers Expo sal die Donderdag, Vrydag en Saterdag van 10:00 tot 20:00 oop wees, en die Sondag van 10:00 tot 18:00. Vir verdere inligting, skakel ☎ 021 511 2800 of besoek www.homemakersonline.co.za.

Wen, wen, wen

Twintig gelukkige lesers kan elk 'n dubbelkaartjie (om twee mense toe te laat) na die Cape Homemakers Expo wen. Stuur net so gou moontlik 'n e-pos na info@purplepine.co.za met "In en Om die Huis/Cape Homemakers Expo" in die onderwerplyn. Die eerste 20 persone wat ingeskryf het, wen die kaartjies wat per e-pos deur die organiseerders aan hulle gestuur sal word.